DEEL 1
DIE KERKORDE EN AANVULLENDE BEPALINGS

HOOFSTUK 1
DIE BELYDENIS, AARD EN ORDE VAN DIE KERK

HOOFSTUK 2
DIE AMPTE VAN DIE KERK

2.1 Algemene bepalings

2.2 Predikante

Artikel 6

Die Legitimasieverklaring sal as ’n dokument agter in Die Aanvullende Bepalings en Reglemente van die Noordelike Sinode opgeneem word.

Bepaling 6.1 Die Kuratorium

Die funksionering van die Kuratorium vir die Teologiese Fakulteit Pretoria word gereël volgens die Reglement vir die Algemene Kuratorium en aanvullende besluite van die Gesamentlike Sinodale Kommissie van die vier Transvaalse sinodes en word in ’n eie reglement vervat.

Artikel 8

Bepaling 8.1 Wie beroepbaar is

8.1.1 Die ampsbevoegdheid (beroepbaarheid) van predikante en proponente word bepaal deur die Reglement vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti (Reglement 12, AS Kerkorde, 2019).

8.1.2 Alle predikante en proponente van die familie van die NG Kerke wat nog nie die ouderdom van 65 jaar bereik het nie, is beroepbaar.

8.1.3 Emeriti jonger as 65 jaar wat kwalifiseer en in *Kerkbode* bekendgestel is.

8.1.4 Emeriti ouer as 65 jaar wat kwalifiseer aan die hand van die Reglement vir Vastetermynpredikantsposte (Reglement 17, AS Kerkorde, 2019).

Bepaling 8.2 Predikante en leraars wat beroep kan word:

8.2.1 Die beroeping, bevestiging, demissie en emeritaat van Predikante word bepaal deur Reglement 13, AS Kerkorde, 2019.

8.2.2 Voltydse Predikant (Reglement 14, AS Kerkorde, 2019)

8.2.3 Deeltydse Predikant (Reglement 15, AS Kerkorde, 2019)

8.2.4 Tentmaker Predikant (Reglement 16, AS Kerkorde, 2019)

8.2.5 Vastetermynpredikantspos (Reglement 17, AS Kerkorde, 2019)

8.2.6 Predikant in ‘n Brugbedieningspos (Reglement 18, AS Kerkorde, 2019)

8.2.7 Standplaasleraars- en Diensleraarspos (Reglement 19, AS Kerkorde, 2019)

Bepaling 8.3 Bykomende vereistes by beroep deur die kerkraad

'n Beroep mag alleen uitgebring word

8.3.1 nadat die kerkraad op ‘n kerkraadsvergadering, besluit het om ‘n vakature te vul of ‘n pos te skep;

8.3.2 nadat die kerkraad die volgende skriftelik aan die ring/ringskommisie voorgelê het:

8.3.2.1 die besluit van die kerkraad om ‘n vakature te vul of pos te skep;

8.3.2.2 'n skriftelike bevestiging per besluit van die kerkraad dat daar aan Reglement 13 (Reglement vir beroeping, bevestiging, demissie en emeritaat van predikante) voldoen is en verder voldoen gaan word;

8.3.2.3 ‘n motivering van die noodsaaklikheid van die vulling van die vakature of die skep van ’n pos;

8.3.2.4 die verskillende opsies wat oorweeg is na aanleiding van Reglement 12, AS Kerkorde, 2019;

8.3.2.5 die finansiële volhoubaarheid van die pos, uitgespel deur die volgende aan die ring/ringskommissie voor te lê:

8.3.2.5.1 die begroting van die gemeente vir die huidige finansiële jaar;

8.3.2.5.2 die inkomste- en uitgawestaat van die jaar tot op datum;

8.3.2.5.3 die kontantvloeistaat tot op datum en vooruitskatting vir die res van die finansiële jaar;

8.3.2.5.4 Indien die aansoek aan die ring/ringskommissie voorgelê word met drie maande of minder van die finansiële jaar oor, word die finansiële dokumente (konsep state) vir die eerste 6 maande van die volgende jaar ook voorgelê;en

8.3.3 nadat die ring/ringskommissie skriftelik die advies van die moderatuur ingewin het.

Bepaling 8.4 Beëindiging van vorige en begin van nuwe verantwoordelikheid

8.4.1 Alle verpligtings van 'n gemeente of meerdere vergadering teenoor 'n predikant in diens, met insluiting van verlof en alle

ander toelaes moet afgehandel wees by die datum van diensbeëindiging.

8.4.2 Die verantwoordelikheid van die gemeente of beroepende vergadering of benoemende meerdere vergadering begin op die datum soos uiteengesit in die Reglement vir beroeping, bevestiging, demissie en emeritaat. Reglement 13.9.2.6. AS Kerkorde, 2019.8.4.3 Bevestiging moet binne een maand na die aanvaarding van die beroep plaasvind. Indien nie, moet die Kerkraad met die ring/ringskommissie oorleg pleeg deur die volledige versoek van die gemeente aan die skriba van die moderatuur te stuur.

Bepaling 8.6 Werk in 'n gemeente wat sinodaal of andersins ondersteun word

8.6.1 Waar in 'n bepaalde gemeente 'n buitengewone arbeidsterrein ontstaan wat te omvangryk is vir die gemeente om alleen te onderneem, kan die kerkraad by die ring/sinode om finansiële ondersteuning aansoek doen. Indien die aansoek goedgekeur word, word 'n ooreenkoms opgestel. In alle gevalle waar ondersteuning ontvang word, bly die kerkraad die werkgewer. Wanneer 'n vakature ontstaan, word die werk en die subsidie heroorweeg. Die arbeid kan oor die grense van een gemeente geskied, met inagneming van 'n spesifieke kategoriale bediening of in oorleg met die kerkrade van naburige gemeentes.

8.6.2 Sodanige werksaamheid[hede] kan ook deur meer as een gemeente gesamentlik of deur ’n ring[e] onderneem word.

8.6.3 Een of meer gemeentes kan ook 'n werksaamheid ondersteun wat nie deur een gemeente alleen behartig kan word nie. In so 'n geval benoem elke kerkraad drie persone om saam met die ander betrokke kerkrade 'n kommissie van pre-advies te vorm, wat 'n groslys van drie name aan die beroepende kerkraad

voorlê. Verslag van werk ten opsigte van hierdie ondersteunde pos word aan die onderskeie ondersteunende gemeentes gelewer.

8.6.4 Die ring kan op dergelike wyse 'n werksaamheid ondersteun. In hierdie geval kry die ringskommissie opdrag om as kommissie van pre-advies op te tree om drie name vir die groslys aan die beroepende kerkraad voor te lê. Verslag van die werk ten opsigte van hierdie pos word dan aan die ring gelewer.

Bepaling 8.7 Werksaamhede buite gemeentegrense

Werksaamhede wat deur gemeentes buite hulle eie grense onderneem word – selfs buite die NG Kerkverband – en waarvoor 'n predikant beroep of benoem word, moet deur die Sinode of Sinodale Diensraad goedgekeur word.

Bepaling 8.8 Standplaasverwisseling

Standplaasverwisseling word hanteer volgens die betrokke besluite van die Algemene Sinode/sinode (Sien Beleid, Funksionele Besluite en Riglyne, par. 9).

Bepaling 8.9 Leraar wat nie langer in ‘n spesifieke plek kan arbei nie

Leraars wat vanweë siekte van hulleself of hul gesinslede of ander omstandighede nie meer op 'n spesifieke plek kan arbei nie, kan die Sinodale Diensraad met 'n gemotiveerde versoek nader om bekend gestel te word met die oog op ’n beroep.

Artikel 11

Bepaling 11.1 Uittrede uit Evangeliediens

Die skriba van die Ringskommissie gee van alle gevalle van uittrede uit die diens deur bedanking of verlies van

ampsbevoegdheid aan die saakgelastigde van die sinode kennis sodat:

11.1.1 die Registrateur van Huwelike daarvan verwittig kan word;

11.1.2 die Algemene Taakspan Predikantesake ATP) in kennis gestel kan word; en

11.1.3 die Predikante Pensioenfonds ingelig kan word.

Artikel 13

Bepaling 13.1 Wat die verantwoordelikheid met betrekking tot lewensonderhoud behels

13.1.1 Gegewe die sinodale riglyne, word in dieselfde gemeente gelykwaardigheid in diensvoordele gehandhaaf tussen alle predikantsposte.

13.1.2 Indien daar enige vorm van afwyking van die gelykwaardigheid in diensvoordele tussen onderskeie predikantsposte ontstaan, moet sodanige afwyking billik en verantwoordbaar toegepas word, in oorleg met die ringskommissie wat die advies van die moderatuur aanvra.

13.1.3 Elke predikant ontvang 'n vergoedingspakket soos ooreengekom en met inagneming van sinodale besluite, reglemente en riglyne. Die vergoedingspakket sluit die volgende in, met inagneming van bekostigbaarheid vir die plaaslike gemeente:

13.1.3.1 ‘n Traktement met inagneming van die riglyne van die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP);

13.1.3.2 Gebruiklike toelaes soos deur die sinode aanbeveel, wat insluit:

13.1.3.2.1 ‘n Reistoelaag.

13.1.3.2.2 ‘n Vry woning of ‘n behuisingsubsidie.

13.1.3.2.3 Kommunikasievoordele vir amptelike gebruik.

13.1.3.2.4 ‘n Werknemersbydrae vir mediese- en pensioenfonds.

13.1.3.2.5 Verlof aan die hand die Reglement vir die Verlof van Predikante (Reglement 20, AS Kerkorde, 2019).

13.2 Wanneer 'n beroepene 'n beroep aanneem sou die beroepende gemeente verantwoordelikheid kon aanvaar vir die volle of gedeeltelike koste m.b.t.:

13.2.1 die vervoer van die predikant en sy/haar gesin (reiskoste vir 'n maksimum van twee motors);

13.2.2 die verpakking, versekering en vervoer van hulle persoonlike besittings en boekery; en

13.2.3 in geval 'n beroepene in die buiteland woonagtig is, is die beroepende gemeente verantwoordelik vir die binnelandse vervoer van die predikant en sy/haar gesin, asook sy/haar persoonlike besittings en boekery. Verdere finansiële hulp in verband met vervoer kan oorweeg word, maar is geen verpligting nie.

Artikel 14

Bepaling 14.1 Emeritaat (Sien Reglement 13.12, AS Kerkorde, 2019)

As ‘n predikant te sterwe kom, betaal die werkgewer 'n bedrag gelykstaande aan die volle traktement en alle toelaes wat vir ses maande lank aan die betrokke pos verbonde sou wees, aan die afhanklikes uit. Die werkgewer voorsien ook doeltreffende huisvesting of 'n behuisingstoelaag vir ses maande (volgens die skaal soos bepaal deur die Algemene Taakspan Fondse). Die

werkgewer verhaal die uitgawes vanaf die verpligte addisionele groeplewensversekeringskema.

2.3 Ouderlinge en diakens

Artikel 15

Bepaling 15.1 Deur wie die verkiesing geskied

15.1.1 In bestaande gemeentes geskied die verkiesing deur 'n kerkraadsvergadering.

15.1.2 In nuutgestigte gemeentes geskied die verkiesing van kerkraadslede deur 'n vergadering van lidmate wat daartoe opgeroep is (Reglement vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes, Reglement 27, AS Kerkorde, 2019)

Bepaling 15.2 Wie as kerkraadslede mag dien

15.2.1 As kerkraadslede mag alleen ongesensureerde, ingeskrewe, belydende lidmate van die gemeente dien. Oor hierdie persone moet daar goeie getuienis wees vir sover dit hulle leer en lewenswandel aangaan.

15.2.2 Bevestiging van iemand as 'n kerkraadslid mag alleen geskied nadat die attestaat van die persoon by die gemeente ingedien is.

Bepaling 15.3 Hoe die verkiesing van kerkraadslede plaasvind

15.3.1 By die nominasie vir kerkraadslede kan die kerkraad gebruik maak van 'n kommissie(s) van pre-advies om name van lidmate voor te lê vir die onderskeie vakatures. Lidmate van 'n wyk of groep wat deur 'n kerkraadslid bedien word, kan vir doeleindes van kerkraadsverkiesing ook as 'n kommissie van pre-advies dien. Nominasies kan ook nog ter vergadering deur

lede van die vergadering voorgelê word, skriftelik of mondeling, soos die kerkraad daaroor besluit.

15.3.2 Die nominasielys wat so saamgestel is, word volgens vereistes van Bep. 15.2 gesuiwer en daarna mag, voordat tot die verkiesing oorgegaan word, saaklike inligting oor die genomineerdes verstrek word deur die voorsitter, of 'n ander lid van die vergadering.

15.3.3 Indien daar net soveel of minder name op die nominasielys verskyn as die aantal persone wat verkies moet word, kan die genomineerdes by wyse van 'n onbestrede mosie verkose verklaar word. Indien daar nie 'n onbestrede mosie verkry word nie, word sonder verdere bespreking met stembriewe gestem. Verkosenes word met 'n volstrekte meerderheid van stemme verkies of in die geval van staking van stemme deur die lot aangewys.

15.3.4 Indien daar meer name op die groslys verskyn as die aantal wat gekies moet word, moet elke lid soveel name op die stembrief plaas as wat verkies moet word. Diegene wat 'n volstrekte meerderheid van stemme verkry, is verkies. Indien daar nie na die eerste stemming ‘n volstrekte meerderheid van stemme vir sekere lede verkry is nie, word oorgestem tussen die oorblywende name op die groslys, totdat die benodigde aantal persone met volstrekte meerderheid van stemme verkies is. As die stemme by die finale stemming staak, beslis die lot wie verkies is.

15.3.5 Geen lid mag buite stemming bly sonder verlof van die vergadering nie.

15.3.6 In die geval waar in ’n gemeente om watter rede ook al minder as 10 kerkraadslede oorgebly het, en daar dus nie ’n wettige kerkraadsvergadering gehou kan word nie, word nuwe/addisionele kerkraadslede gekies by ’n gemeentevergadering onder leiding van die ringskommissie.

Bepaling 15.4 Die dienstyd van kerkraadslede

15.4.1 Die dienstermyn van kerkraadslede word deur die kerkraad bepaal en die totale ononderbroke dienstyd behoort nie langer as vier jaar te wees nie.

15.4.2 Kerkraadslede word gekies vir ’n bepaalde dienstermyn. By die verstryking van die dienstermyn kan die dienstyd op skriftelike versoek van die kerkraad en met skriftelike toestemming van die betrokkene verleng word sonder verdere bevestiging.

15.4.3 Kerkraadslede wat gedurende hulle dienstyd bedank, se bedanking is van krag vanaf die oomblik waarop dit skriftelik by die voorsitter van die kerkraad ingedien is.

15.4.4 'n Kerkraadslid wat weens verhuising na buite die gemeentegrense ophou om lidmaat te wees, hou ook op om kerkraadslid te wees (vgl. Bep. 15.2.1), behalwe as die nuwe gemeente toestemming verleen dat die betrokkekerkraadslid mag bly in die gemeente waar hy/sy kerkraadslid was (vgl. Riglyne vir Praktiese hantering van lidmaatskap; Kerkorde 2019 bl. 189 pt. 24.19 en 24.19.1).

15.4.5 In die geval van die eerste kerkraadslede wat in 'n pasgestigte gemeente gekies word, verstryk die helfte (soos deur die lot aangewys) se eerste dienstermyn aan die einde van die eerste volle kerkjaar, met dien verstande dat hulle op versoek ook kan instem om daarna vir 'n volle dienstermyn diens te doen. Dit word op so 'n wyse gedoen dat waar kerkraadslede wyksgewys verkies is, telkens slegs òf die ouderling òf die diaken van 'n bepaalde wyk na die eerste jaar uittree.

Bepaling 15.5 Approbasie deur die gemeente

15.5.1 Behalwe in die geval van die eerste kerkraadslede van 'n nuwe gemeente wat sonder enige afkondiging en na indiening

van attestaat bevestig mag word, moet die name van diegene wat as kerkraadslede gekies is, op twee agtereenvolgende Sondae by die erediens afgekondig word om te verneem of enige lid van die gemeente beswaar het teen diegene wat gekies is.

15.5.2 Enige belydende lidmaat van die gemeente wat nie onder sensuur is nie, het die reg om met opgawe van redes teen een of meer van die verkosenes skriftelik by die voorsitter van die kerkraad beswaar te maak. Die approbasietyd verstryk aan die einde van die dag waarop die laaste aankondiging gedoen is. Die beswaar kan handel oor die leer of lewe van die verkosenes, of teen die prosedure van verkiesing.

15.5.3 As 'n beswaar teen een of meer van die verkosenes by die voorsitter van die kerkraad ingedien word, word die betrokke verkosene van die beswaar in kennis gestel en word so spoedig moontlik 'n kerkraadsvergadering belê om dit te oorweeg. Vind die kerkraad,, na ondersoek,, die beswaar gegrond, word die bevindinge aan alle betrokkenes meegedeel en verval die verkiesing van die betrokke persoon. Indien die beswaar ongegrond blyk te wees, word al die betrokkenes ingelig en mag die bevestiging plaasvind indien die verkiesing aanvaar word.

Bepaling 15.6 Die bevestiging van kerkraadslede

15.6.1 Lidmate wat hulle verkiesing as kerkraadslede aanvaar, moet skriftelik daarop antwoord en word so gou as moontlik na die approbasie tydperk in die amp bevestig, tensy daar besware ingekom het.

15.6.2 Die bevestiging geskied in 'n erediens namens die kerkraad deur ’n leraar van die gemeente, die konsulent, of 'n ander leraar wat ampsbevoegdheid in die NG Kerk het en wat langs ordelike weg daartoe versoek word.

HOOFSTUK 3
DIE VERGADERINGE VAN DIE KERK

3.1 Algemene bepalingeArtikel 18

Bepaling 18.1 Ordereëls vir kerklike vergaderings

Die volgende ordereëls word by alle kerklike vergaderings in die sinodale gebied van die Noordelike Sinode en, waar dit van toepassing kan wees, by alle vergaderings van kerklike kommissies, in ag geneem.

18.1.1 Alle vergaderings is oop vergaderings.

18.1.1.1 Vergaderings behoort geslote te wees wanneer persoonlike inligting bespreek word, byvoorbeeld by die behandeling van tugsake, die verkiesing van kerkraadslede of die beroeping van predikante.

18.1.2 Al die lede is verplig om die vergaderings by te woon en om, as hulle nie verskyn nie, met opgaaf van redes, betyds daarvan kennis te gee. 'n Presensielys word gehou.

18.1.3 Lede mag nie die vergadering verlaat sonder verlof van die voorsitter nie.

18.1.4 Verlof tydens ’n sinodesitting:

Die Kommissie verantwoordelik vir die opstel van die agenda en voorbereiding vir die vergadering van die sinode maak telkens die reëlings, soos van toepassing op die betrokke vergadering, bekend.

18.1.5 Kworum by kerkvergaderings

18.1.5.1 By die kerkraad is ’n kworum die meerderheid van die gevulde poste.

18.1.5.1.1 In uitsonderlike gevalle mag die ring/ringskommissie op 'n goed gemotiveerde versoek van 'n kerkraad die kworum tot

'n derde van die getal kerkraadslede verminder en dit geld tot by die volgende ringsitting.

18.1.5.2 By die ring is ’n kworum minstens twee derdes van die afgevaardigdes soos per geloofsbrief.

18.1.5.3 By die sinode is ’n kworum minstens twee derdes van die afgevaardigdes soos per geloofsbrief.

18.1.6 Na die opening van die vergadering word die agenda vasgestel.

18.1.6.1 Verslae van kerkvergaderings:

18.1.6.1.1 Elke kerkraad besluit self oor die beskikbaarheid van verslae. Vertroulike verslae word tydens vergaderings versprei en die kerkraad besluit hoe dit hanteer moet word met inagneming van die eise van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet nr. 2 van 2000).

18.1.6.1.2 Elke ring besluit self oor die beskikbaarheid van verslae.

18.1.6.1.3 Die sinode plaas geen embargo op verslae nie, tensy die moderatuur anders oordeel oor ’n bepaalde verslag.

18.1.6.2 Gedeeltes van verslae waarvan 'n vergadering slegs kennis neem, maak nie deel uit van 'n vergadering se besluite nie en moet as sodanig hanteer word.

18.1.7 Die voorsitter stel die sake wat behandel moet word aan die orde en wel in die volgorde wat vir hom/haar die geskikste voorkom. Die voorsitter verskaf alle nodige inligting en doen, as die saak dit vereis, wenke aan die hand om die vergadering te help om tot 'n besluit te kom. Die voorsitter het die reg om 'n saak na 'n bepaalde ad hoc-kommissie te verwys met verslag aan die vergadering.

18.1.8 Wanneer twee of meer lede om 'n spreekbeurt vra, bepaal die voorsitter die volgorde van die spreekbeurte. Geen lid mag meer as twee maal oor dieselfde saak praat nie, en by

sinodale vergaderings nie meer as een maal nie, behalwe die voorsteller wat reg van repliek het.

18.1.9 By die sinode word 'n spreekbeurt beperk tot 'n maksimum van vyf minute. Afsonderlike spreekbeurte word nie toegestaan aan persone wat nie lede van die sinode is nie, behalwe in die geval van predikante/amptenare in diens van die sinode. Hoogs uitsonderlike aansoeke word deur die moderatuur hanteer.

18.1.10 'n Ordemosie moet 'n voorstel behels oor die volgorde waarin sake ter tafel moet kom, of die beëindiging van die bespreking van 'n bepaalde punt beoog, of voorstel dat van 'n bepaalde saak afgestap moet word, en kan te eniger tyd gedurende die voortgang van die bespreking ingedien word. Dit word egter aan die oordeel van die voorsitter gelaat om die mosie te weier as hy/sy van mening is dat dit aangewend word om 'n behoorlike bespreking van die onderwerp te voorkom.

18.1.11 Die voorsitter het die reg om, wanneer na sy/haar oordeel die saak onder behandeling genoegsaam bespreek is, dit aan die vergadering te stel of laasgenoemde nie tot stemming wil oorgaan nie.

18.1.12 Alle mosies en los voorstelle moet voor die tyd skriftelik by die voorsitter ingehandig word, wat na goeddunke die saak hanteer. By die sinode word dit deur die moderatuur behartig.

18.1.13 In die bespreking wend lede hulle tot die voorsitter en onthou hulle van alles wat in stryd is met die waardigheid van 'n kerklike vergadering. 'n Persoon wat onordelik optree, word tot orde geroep. Indien so ‘n persoon nie gehoor gee nie, kan die persoon met die toestemming van die vergadering, gevra word om die vergadering te verlaat.

18.1.14 Oor 'n saak wat aan die orde is, kan net een voorstel op 'n keer voor die vergadering dien. Amendemente op die voorstel kan ingedien word en het te doen met die wysiging van,

byvoeging tot, of weglating uit die voorstel. Die voorstel en amendemente moet skriftelik en gesekondeer ingedien word en kan alleen met verlof van die vergadering teruggetrek word. As die voorstel teruggetrek word, tree die eerste amendement in die plek van die voorstel en so vervolgens in hierdie orde.

18.1.15 Geen voorstel of amendement mag deur die voorsitter ontvang word voordat die saak aan die orde gestel is nie. Die voorsitter behoort reg aan die begin van die vergadering, voordat die eerste verslag aan die orde gestel word, dit baie duidelik as 'n vaste reëling aan te kondig dat geen spreekbeurte aangevra mag word alvorens 'n saak aan die orde gestel is nie. Die reëling moet konsekwent gehandhaaf word.

18.1.16 Oor elke saak moet afsonderlik vir en teen gestem word. Die amendemente word eers tot stemming gebring en wel (as algemene reël) so dat oor dié wat die laaste ingedien is, die eerste gestem word en so vervolgens in opklimmende volgorde. Indien die vergadering egter hierdeur in 'n impasse kom, mag die voorsitter, met instemming van die vergadering, die volgorde van hantering van amendemente so hanteer (vgl. Bep 18.1.7) dat die vergadering daardeur tot sinvolle besluitneming gelei word. Amendemente wat aanvaar word, wysig die voorstel. Daarna word vir en teen die oorspronklike (as al die amendemente verwerp is) of die geamendeerde voorstel gestem. Oor alle sake word met volstrekte meerderheid van stemme van die aanwesige stemgeregtigdes besluit.

18.1.17 Elke lid van die vergadering moet stem. Persone wat die vergadering met adviserende stem bywoon, het die reg om aan die besprekings deel te neem, maar mag nie stem nie. Dit staan enige lid vry om sonder of met 'n saaklike opgawe van redes, te laat aanteken dat hy/sy teen 'n bepaalde voorstel of amendement gestem het, of dat hy/sy nie teenwoordig was toe 'n bepaalde besluit geneem is nie. Stemming geskied met

geslote stembriewe of met opsteek van hande soos deur die voorsitter gereël of deur die vergadering besluit.

18.1.18 By staking van stemme kan die voorsitter die saak verwys na 'n ad hoc-kommissie waarvan die voorsitter ook deel is, om 'n prosedure vir die verdere hantering aan die vergadering voor te lê. Daar kan ook gebruik gemaak word van die lot, indien die vergadering met 'n meerderheidsbesluit so verkies.

18.1.19 Revisie

Besluite kan in hersiening geneem word:

18.1.19.1 Besluite van dieselfde vergadering:

18.1.19.1.1 Wanneer kennis van revisie gegee word, kan die redes verstrek word waarom revisie aangevra word, maar 'n beredenering van die saak waaroor die besluit handel, word nie toegelaat nie.

18.1.19.1.2 Nadat kennis van revisie gegee is, besluit die vergadering of revisie toegestaan word.

18.1.19.1.3 Indien revisie toegestaan word, word die besluit tydens die vergadering in behandeling geneem op 'n tyd soos deur die voorsitter gereël.

18.1.19.2 Besluite van die verlede:

18.1.19.2.1 Kerkraadsvergaderings:

18.1.19.2.1.1 Wanneer kennis van revisie gegee word, kan die redes verstrek word waarom revisie aangevra word, maar 'n beredenering van die saak waaroor die besluite handel, word nie toegelaat nie.

18.1.19.2.1.2 Nadat kennis van revisie gegee is, besluit die vergadering of revisie toegestaan word.

18.1.19.2.1.3 Indien revisie toegestaan word, word die besluit by 'n volgende vergadering in behandeling geneem.

18.1.19.2.2 Meerdere vergaderings:

18.1.19.2.2.1 Besluite van meerdere vergaderings word na vooraf skriftelike kennisgewing in behandeling geneem. Verslae van kommissies en beskrywingspunte waar nuwe aanbevelings oor vorige besluite gemaak word, word geag genoegsame skriftelike kennisgewing te wees.

18.1.19.3 Hantering van revisie:

18.1.19.3.1 Wanneer die revisie behandel word, is die saak waaroor dit gaan oop vir bespreking, en word 'n voorstel en amendemente opnuut ingedien.

18.1.20 Die goedkeuring van notules geskied soos volg:

18.1.20.1 Die notule van kerkraadsvergaderings word by die volgende vergadering goedgekeur en deur die voorsitter en skriba onderteken. Wanneer nodig kan 'n kerkraad bepaal dat 'n kladnotule voor die vergadering gelees, deur die vergadering goedgekeur en deur die voorsitter onderteken word.

18.1.20.2 Die notule van ringsvergaderings word by die volgende dagsitting goedgekeur en deur die voorsitter en skriba onderteken. Die laaste sitting se notule word na die ringskommissie verwys vir kontrolering, goedkeuring en ondertekening.

18.1.20.3 Die notule van die sinode word deur ‘n notulekommissie versorg en so ver moontlik by die volgende dagsitting goedgekeur en deur die moderator en die skriba onderteken, maar die laaste sitting se notule word na die moderatuur verwys vir kontrolering, goedkeuring en ondertekening.

18.1.20.4 Elke bladsy van 'n notule word geparafeer en die laaste bladsy word volledig geteken.

18:1.21 Geldigheid van besluite

18.1.21.1 Kerkraadsbesluite is van krag vanaf die oomblik dat dit goedgekeur is, behalwe as die kerkraad anders besluit.

18.1.21.2 Besluite van die ring en sinode is van krag sodra die vergaderingsnotule goedgekeur is behalwe as die ring/sinode anders besluit.

18.1.22 Telefoonvergaderings en elektroniese stemwyse of -vergaderings:

18.1.22.1 Telefoon- en elektroniese kerkvergaderings van die Noordelike Sinode is toelaatbaar vir die hantering van spoedeisende sake onder die volgende voorwaardes:

18.1.22.1.1 Elektroniese vergaderings is wanneer daar besluite per e-pos geneem word of wanneer daar elektroniese vergaderings (ZOOM; Microsoft Teams; ens.) plaasvind.

18.1.22.1.2 Die vereistes vir die telefoonvergadering is dieselfde as wat geld vir ’n gewone vergadering, onder andere ten opsigte van kennisgewing, agenda, kworum en besluitneming.

18.1.22.1.3 Die notule van so ’n vergadering word by die volgende vergadering voorgelê vir goedkeuring.

18.1.22.2 Die prosedure by elektroniese stemwyse is soos volg:

18.1.22.2.1 ’n Verslag in verband met die saak waaroor die kerkvergadering ’n besluit(e) wil neem, word saamgestel. In die verslag word die sake waaroor en die manier waarop daar gestem moet word, duidelik aangedui.

18.1.22.2.2 Die verslag word elektronies aan al die lede van die vergadering versend.

18.1.22.2.3 Die elektroniese stemming se uitkoms is alleen geldig as die meerderheid van die lede hulle instemming met die voorstel wat vir stemming voorgelê is, betuig het.

18.1.22.2.4 Die notule van so ’n stemming word by die volgende vergadering van die kerkvergadering voorgelê vir goedkeuring.

Artikel 22

Bepaling 22 Meerdere vergaderings

22.1 In meerdere vergaderinge word alleen die sake behandel wat daar tuis hoort of daarheen verwys is deur mindere vergaderinge en wat nie in mindere vergaderinge afgehandel kon word nie.

22.2 ’n Meerdere vergadering het die bevoegdheid om ’n saak wat ’n mindere vergadering moes afhandel, onder die volgende omstandighede te hanteer:

22.2.1 Waar ’n mindere vergadering nie bestaan nie:

22.2.1.1 Waar ‘n mindere vergadering nie bestaan nie, wys die meerdere vergadering binne 14 dae nadat die vergadering hiervan bewus geraak het, ‘n taakspan van minstens 3 kundige persone aan om die funksies en bestuur van die kerkvergadering op ‘n kort termyn te hanteer in samewerking met die oorblywende lede (indien enige) van die kerkvergadering en die personeel (indien enige).

22.2.1.2 In oorleg met die oorblywende lede van die mindere vergadering, reël die taakspan ‘n gemeentevergadering bestaande uit al die belydende lidmate.

22.2.1.3 Die gemeentevergadering vind plaas onder die leiding van die taakspan.

22.2.1.4 Die gemeente word op alle moontlike wyses, maar veral tydens twee agtereenvolgende Sondae, opgeroep tot die gemeentevergadering.

22.2.1.5 Die gemeentevergadering het slegs een saak op die agenda, naamlik die vulling van vakatures op die kerkraad.

22.2.1.6 Die taakspan maak seker dat almal teenwoordig belydende lidmate van die gemeente is.

22.2.1.7 Kerkraadslede word per stembrief, onderteken deur die voorsteller en die genomineerde, genomineer.

22.2.1.8 Die verkiesing van die kerkraadslede geskied by wyse van die opsteek van hande.

22.2.1.9 Die bevestiging van die verkose kerkraadslede word deur die konsulent behartig tydens die gemeentevergadering, sonder afkondiging.

22.2.1.10 Indien daar enige beswaar teen een van die verkose kerkraadslede is, word die bevestiging oorgehou tot ‘n latere geleentheid.

22.2.1.11 Wanneer die kerkraad bevestig is, vind daar direk na die gemeentevergadering ‘n kerkraadsvergadering plaas om die personeel vir die vergadering te verkies.

22.2.1.12 Wanneer die personeel vir die kerkraad deur die kerkraad verkies is, is die werksaamhede van die taakspan afgehandel.

22.2.2 In die geval van onvermoë of wanbestuur by die mindere vergadering:

22.2.2.1 Enige lid van ‘n mindere vergadering, of in die geval van ‘n gemeente, ‘n lidmaat van die gemeente, kan ‘n meerdere vergadering in kennis stel van moontlike onvermoë of wanbestuur by wyse van ‘n gemotiveerde skrywe met tersaaklike stawende dokumentasie, indien enige.

22.2.2.2 ‘n Meerdere vergadering kan ook sonder kennisgewing oordeel dat daar onvermoë en/of wanbestuur by ‘n mindere vergadering is.

22.2.2.3 Die meerdere vergadering of sy gevolmagtigde, oordeel op grond van die skrywe en tersaaklike dokumentasie of daar wel moontlike onvermoë of wanbestuur is.

22.2.2.4 Indien die meerdere vergadering oordeel dat daar nie onvermoë of wanbestuur is nie, word die persoon wat die skrywe gerig het in kennis gestel. Hierdie kennisgewing geskied met opgaaf van redes vir die besluit.

22.2.2.5 Indien die meerdere vergadering oordeel dat daar moontlike onvermoë en/of wanbestuur is, word daar binne 14 dae nadat die skrywe ontvang is, of nadat die meerdere vergadering so ‘n besluit geneem het, ‘n taakspan van minstens 3 persone, bestaande uit verteenwoordiger(s) van die meerdere vergadering en/of ander kundige lede, aangewys.

22.2.2.6 Die taakspan konstitueer so gou moontlik en stuur die skrywe met enige stawende dokumente, of die besluit van die meerdere vergadering, aan die mindere vergadering en versoek die mindere vergadering om binne 7 dae skriftelik op die skrywe of die besluit te reageer.

22.2.2.7 Indien die taakspan na ontvangs van die skrywe dit wel nodig ag om die onvermoë en/of wanbestuur te ondersoek, word die meerdere en die mindere vergadering daarvan in kennis gestel.

22.2.2.8 In die geval van onvermoë word die funksies wat die mindere vergadering nie kan afhandel nie, aangedui. Die taakspan het steeds die opsie om nog funksies by te voeg met ‘n gemotiveerde kennisgewing aan die mindere en meerdere vergaderings.

22.2.2.9 Predikante, kerkraadslede en amptenare gee alle moontlike samewerking aan die taakspan. Indien een van die predikante en/of kerkraadslede nie hulle samewerking gee nie, word die meerdere vergadering daarvan in kennis gestel vir verdere optrede.

22.2.2.10 Vir die tydperk van die ondersoek word geen vergaderings sonder die medewete van die taakspan belê nie.

Een van die lede van die taakspan tree as voorsitter van enige vergaderings op.

22.2.2.11 Die taakspan stel ‘n aksieplan saam met sperdatums, wie waarvoor verantwoordelik is en wie se samewerking nodig is. Hierdie aksieplan word aan die mindere vergadering, onder leiding van die taakspan, voorgelê vir goedkeuring. Die mindere vergadering kan voorstelle maak om die proses te verbeter en te bespoedig, maar kan nie van die sake van die aksieplan verwyder nie.

22.2.2.12 Sodra die aksieplan goedgekeur is, word die meerdere vergadering skriftelik daarvan in kennis gestel en die gemeente daarvan ingelig tydens ‘n erediens, asook skriftelik, indien moontlik.

22.2.2.13 Die taakspan ontbind wanneer die aksieplan uitgevoer is en hulle oordeel dat die gemeente gereed is om die funksies te hanteer en die bestuur van die gemeente op ‘n gesonde vlak is.

3.2 Besondere bepalinge

3.2.1 Die kerkraad

Artikel 26

Bepaling 26.1 Samestelling van die kerkraad

26.1.1 Die kerkraad bestaan uit minstens tien lede. Daar moet sover as moontlik 'n gelyke getal ouderlinge en diakens wees.

26.1.2 Kerkraadslede word gekies om medetoesig te hou oor die gemeente en nie noodwendig vir 'n bepaalde wyk nie.

26.1.3 Die kerkraad stel vas wat die bepaalde taak is wat aan elke kerkraadslid toegewys word volgens Artikels 16 en 17 van die Kerkorde. Die kerkraad moet ter wille van doeltreffende bearbeiding en organisasie die gemeente so indeel dat alle lidmate pastoraal versorg word. ’n Spesifieke opdrag met

betrekking tot besondere werksaamhede van die gemeente kan ook aan ’n kerkraadslid gegee word.

26.1.4 Teologiese studente, wat deur ‘n predikant van die gemeente tydens hulle teologiese studies begelei word, kan kerkraadsvergaderings as waarnemers bywoon indien hulle nie as ouderling of diaken op die kerkraad dien nie.

Bepaling 26.2 Huishoudelike bepalings van die kerkraad

Die kerkraad kan huishoudelike bepalings opstel vir sy vergaderings, werksaamhede en vir dié van die amptenare en kommissies wat deur hom aangestel word. Dergelike bepalings mag nie in stryd wees met die Woord van God, die Kerkorde en die Aanvullende Bepalings en ander besluite van die Algemene Sinode of die Noordelike Sinode nie.

Bepaling 26.3 Kommissies/taakgroepe van die Kerkraad

26.3.1 Die kerkraad behoort jaarliks – of dan vir 'n termyn waarop die kerkraad besluit – kommissies/taakgroepe te benoem om hom te help in die uitvoering van die gemeente se werksaamhede. Lede van kommissies/taakgroepe hoef nie noodwendig kerkraadslede te wees nie. Aandag moet gegee word aan kundigheid, belangstelling en waar moontlik gesonde kontinuïteit.

26.3.2 Die kerkraad benoem 'n kommissie/taakgroep wat die diensverhouding tussen die kerkraad as werkgewer en die werknemers van die kerkraad hanteer ooreenkomstig die besluite van die Algemene Sinode by Artikel 12 en met inagneming van toepaslike wetgewing van die staat soos verreken in die Kerkorde.

BEPALINGS INSAKE LIDMAATSKAP

Bepaling 26.4 Uit wie die gemeente bestaan

Elke gemeente bestaan uit

26.4.1 die belydende en dooplidmate van die gemeente wie se lidmaatskap deur die kerkraad in ooreenstemming met die kerklike bepalinge daaromtrent erken en aangeteken is;

26.4.2 die ongedoopte kinders van belydende lidmate; en

26.4.3 lidmate aan wie kragtens bep. 26.5 lidmaatskap verleen is.

Bepaling 26.5 Lidmaatskap

Kerklike Lidmaatskap en die oordrag van kerklike lidmaatskap word hanteer volgens die betrokke besluite van die Algemene Sinode (Funksionele Besluit 24).

Bepaling 26.6 Terugkeer tot en oorkoms na die kerk

In alle gevalle van terugkeer tot en oorkoms na die kerk, handel die kerkraad ooreenkomstig die riglyne van die Algemene Sinode soos vervat in die Reglement vir die verhouding tot ander Kerke en Groepe (Reglement 26, AS Kerkorde, 2019).

Bepaling 26.7 Register vir Doop- en Belydende Lidmate

26.7.1 Die praktiese onderskeiding van dooplidmate en belydende lidmate word gehandhaaf om uitdrukking te gee aan die verskil in verantwoordelikhede rondom lidmaatskap.

26.7.2 Die kerkraad sorg vir 'n behoorlike doop- en lidmateregister op skrif in elke gemeente. 'n Gerekenariseerde register alleen, is nie aanvaarbaar nie.

26.7.3 Die kerkraad moet jaarliks afskrifte van die doop- en lidmateregister laat maak en dit deur 'n kommissie/taakgroep van die kerkraad namens die kerkraad laat nasien en onderteken. Die kerkraad is daarvoor verantwoordelik dat die afskrifte by die argief ingedien word.

Bepaling 26.8 Beëindiging van lidmaatskap

26.8.1 'n Persoon hou op om lidmaat van die gemeente te wees:

26.8.1.1 Wanneer hy/sy uit die gemeente vertrek.

26.8.1.2 Wanneer hy/sy met toestemming by ’n ander gemeente van die NG Kerk inskakel.

26.8.1.3 Wanneer hy/sy skriftelik bedank of versoek dat sy/haar lidmaatskap beëindig word.

26.8.1.4 Wanneer 'n persoon hom/haar, na ondersoek en volgens oordeel van die kerkraad, deur woord en daad van die gemeente afskei.

26.8.1.5 Wanneer gehandel word langs die weg van die kerklike tug wat uitloop op afsnyding van die gemeente.

26.8.2 In al die genoemde gevalle vind die administratiewe hantering plaas volgens die neergelegde bepalinge in die Argiefreglement.

26.8.3 Wanneer 'n persoon as lidmaat bedank (Bep. 26.8.1.3), is die bedanking van krag sodra dit deur die kerk ontvang is. In hierdie geval word die kerk geag die kerkkantoor of die voorsitter van die kerkraad te wees.

Artikel 27

Bepaling 27.1 Predikantswyke en wykskerkrade

27.1.1 Wykskerkrade kan op een van twee maniere gevorm word:

27.1.1.1 Elke predikantswyk kan 'n eie wykskerkraad vorm, of;

27.1.1.2 'n aantal wyke saam kan 'n wykskerkraad vorm sodat daar in 'n predikantswyk meer as een wykskerkraad kan wees, of;

27.1.1.3 twee of meer predikantswyke kan in 'n makro-opset saam 'n wykskerkraad vorm.

27.1.2 Wykskerkrade kan alleen gevorm word nadat:

27.1.2.1 die kerkraad formeel 'n besluit tot desentralisering met 'n twee-derde meerderheid geneem het; en

27.1.2.2 die ooreenkoms vir desentralisering deur die ringskommissie vir kerkordelike korrektheid gekontroleer is.

27.1.3 Desentralisering behels wykskerkrade wat wyksake hanteer en 'n sentrale kerkraad wat gemeenskaplike sake hanteer.

27.1.4 Die ooreenkoms vir desentralisering moet baie duidelik uitspel watter werksaamhede deur die Sentrale Kerkraad behartig word en watter deur wykskerkrade afgehandel kan word.

27.1.5 Wykskerkrade: grootte en vakatures:

27.1.5.1 Die aanvanklike grootte van en getal wykskerkrade asook die grootte van die Sentrale Kerkraad word voor desentralisasie deur die kerkraad bepaal.

27.1.5.2 Na gelang van omstandighede kan die grootte van en getal wykskerkrade gewysig word.

27.1.5.3 Van hierdie wysiging(s) moet jaarliks aan die Ring verslag gedoen word.

27.1.5.4 Die kerkraad besluit self oor die aanvul van vakatures op die wykskerkrade.

27.1.6 Die Sentrale Kerkraad:

27.1.6.1 Die Sentrale Kerkraad bestaan uit

27.1.6.1.1 Al die leraars van die gemeente;

27.1.6.1.2 ‘n Aantal verteenwoordigers, met sekundi, soos ooreengekom in die desentralisasie-ooreenkoms.

27.1.6.1.3 Die Sentrale Kerkraad kan 'n maksimum van 3 persone ten opsigte van bepaalde kundigheid met stemreg byvoeg.

27.1.6.2 Indien 'n verteenwoordiger nie teenwoordig kan wees nie, word 'n sekunduslid vir die vergadering opgeroep sodat die vergadering so na as moontlik aan voltallig sal wees.

27.1.6.3 Die verteenwoordiging moet beduidend en sinvol wees sodat die Sentrale Kerkraad nie tot 'n te klein groepie mense verskraal word nie.

27.1.7 Sover moontlik moet daar gelyke verteenwoordiging van ouderlinge en diakens in die Sentrale Kerkraad wees.

27.1.8 Verdeling van werksaamhede:

27.1.8.1 Onder wyksake word verstaan alle kerklike aangeleenthede binne die betrokke wykskerkraad waarby die ander wykskerkrade nie 'n direkte belang het nie. Voorbeelde hiervan is die verkiesing van kerkraadslede, uitoefening van opsig en tug by lidmate, kontrolering van die ampswerk binne die betrokke wykskerkraad en die organisering van die wykskerkraad ten opsigte van die werksaamhede binne daardie betrokke gebied.

27.1.8.2 Onder sake vir die Sentrale Kerkraad word verstaan daardie kerklike aangeleenthede waarby die gemeente as geheel belang het, byvoorbeeld beroep van leraars, uitoefening van tug oor ampsdraers, begroting en finansies, gemeentelike eiendomme, liturgie en erediens en voorbereiding van verslae aan en afvaardiging na meerdere vergaderings.

27.1.8.3 Indien verkies en vooraf so besluit is, word die Sentrale Kerkraad by 'n beroepingsvergadering uitgebrei tot alle kerkraadslede.

27.1.9 Bevoegdheid van Sentrale Kerkraad:

27.1.9.1 Sodra die Sentrale Kerkraad benoem is, is desentralisasie voltooi en vestig al die bevoegdhede, insluitende die bevoegdheid om vroeëre kerkraadsbesluite in hersiening te

neem, asook die verpligtinge van die kerkraad in die Sentrale Kerkraad.

27.1.9.2 Na voltooiing van desentralisasie funksioneer wykskerkrade ingevolge gedelegeerde bevoegdheid vanaf die Sentrale Kerkraad.

27.1.9.3 Wysigings aan die desentralisasieooreenkoms kan slegs deur die Sentrale Kerkraad gedoen word na vooraf kennisgewing aan die wykskerkrade en met voorlegging aan die Ringskommissie vir kontrole.

27.1.9.4 Na desentralisasie moet die Sentrale Kerkraad toesien dat die ooreenkoms, Kerkorde en Bepalings deur die wykskerkrade uitgevoer word.

27.1.9.5 Dit is wenslik dat die kommissies van die Sentrale Kerkraad uit verteenwoordigers van al die wykskerkrade saamgestel sal word, alhoewel kundigheid en nie verteenwoordiging nie, die deurslaggewende faktor moet wees.

27.1.10 Verkiesing van kerkraadslede:

27.1.10.1 Die verkiesing van kerkraadslede geskied uit lidmate binne die betrokke wykskerkraad se gebied. Indien 'n kerkraadslid in dieselfde gemeente na 'n ander wykskerkraad se gebied verhuis en hy/sy sou steeds gewillig wees om te dien, kan hy/sy sy/haar dienstermyn in die vorige wykskerkraad voltooi. Hy/sy kan ook per ooreenkoms in die nuwe wykskerkraad as kerkraadslid daar aanvaar word.

27.1.10.2 Lidmate wat binne een wykskerkraad se gebied woon kan vir 'n ander wykskerkraad verkies word, mits die betrokke wykskerkrade daartoe ooreenkom.

27.1.11 Al die ordereëls wat vir 'n kerkraadsvergadering geld, geld vir die Sentrale Kerkraad en vir elke afsonderlike wykskerkraad. Dit sluit in sake soos grootte van die kerkraad,

voorsitterskap, kworum, revisie, notule en ander vergaderingsprosedure.

27.1.12 Indien wykskerkrade teenstrydige besluite neem of in dispuut gaan, gee die Sentrale Kerkraad uitspraak.

Bepaling 27.2 Vergaderings van die kerkraad, wykskerkrade en sentrale kerkraad

27.2.1 Gewone vergaderings van die kerkraad, wykskerkraad en sentrale kerkraad geskied na afkondiging by die erediens op minstens een Sondag en na skriftelike kennisgewing aan die lede. 'n Vasgestelde datum op die kerkkalender kan beskou word as 'n skriftelike kennisgewing.

27.2.2 'n Buitengewone vergadering van die kerkraad, wykskerkraad en sentrale kerkraad word deur die betrokke voorsitter na oorlegpleging met die predikant(e), indien die voorsitter nie ‘n predikant van die gemeente is nie (vgl. Art. 28.3) belê, met kennisgewing aan die lede. Dit geskied wanneer hy/sy dit nodig ag of wanneer minstens tien persent van die dienende lede van die betrokke vergadering by hom/haar daarvoor aansoek doen. Op sodanige vergadering word net die saak/sake behandel waarvoor die vergadering aangevra is.

3.2.2 Die ring

Artikel 29

Bepaling 29.1 Die herindeling van ringe

29.1.1 Die herindeling van ringe geskied deur die Sinodale Diensraad met verslag aan die sinode.

29.1.2 Na herindeling, op 'n datum soos met die Sinodale Diensraad ooreengekom, konstitueer die heringedeelde ring nuut, en wel op die volgende wyse:

29.1.2.1 Indien daar in die geheel 'n nuwe ring gevorm word, vind die konstituering plaas onder leiding van 'n lid van die ringskommissie van 'n naburige ring wat deur die Sinodale Diensraad benoem word. Funksionarisse vir die ring word gekies en kommissies word benoem. Alle gemeentes se afgevaardigdes moet van nuwe geloofsbriewe voorsien wees.

29.1.2.2 Waar een of meer gemeentes tot 'n bestaande ring toegevoeg word, vind die konstituering plaas onder leiding van die ringskommissie van daardie ring. Nuwe funksionarisse word dan gekies en kommissies/taakgroepe se personeel word uitgebrei waar nodig. Slegs die gemeentes wat tot 'n bestaande ring gevoeg word, moet 'n nuwe afvaardiging saamstel in ooreenstemming met Bepaling 30 en ook nuwe geloofsbriewe indien.

29.1.2.3 In die geval waar daar slegs ’n gemeente uit ’n bestaande ring vanweë herindeling weggeneem word, of waar ’n gemeente ontbind, sodat daar nie ’n toevoeging tot die personeel van die ring plaasvind nie, vind herkonstituering nie plaas nie.

29.1.3 Ringe kan onderling met mekaar in verband tree ten opsigte van gesamentlike werksaamhede:

29.1.3.1 Waar ringe saamwerk, vind dit plaas in terme van ‘n ooreenkoms tussen die ringe onderling.

29.1.3.2 Waar ringe in so ‘n mate saamwerk dat die behoefte ontstaan om een nuwe ring te vorm, neem die betrokke ringe ter vergadering ‘n besluit om saam te smelt. Nadat die samesmeltingsooreenkoms deur beide ringe goedgekeur is en die Sinodale Diensraad die samesmelting goedgekeur het, konstitueer die nuwe ring.

Bepaling 29.2 Gewone vergadertyd van ringsvergaderings

Ringe vergader jaarliks, binne ses maande na afsluiting van die boekjaar.

Artikel 30

Bepaling 30.1 Ouderlinge/diakens op die ring

30.1.1 In ooreenstemming met Artikel 30.1 en 30.2 mag elke kerkraad net soveel ouderlinge/diakens afvaardig as wat daar predikantsposte in die gemeente is. Alle predikante en leraars behoort afgevaardig te word.

30.1.2 In ooreenstemming met Artikel 30.3 word daar een sekundus afgevaardig vir elke primarius afgevaardigde, met dien verstande dat daar vir elke leraar ook 'n sekundus uit die geledere van die ouderlinge/diakens aangewys kan word.

30.1.3 In ooreenstemming met Artikel 30.1 en 30.2 mag die kerkraad ‘n ouderling/diaken afvaardig in die predikantspos wat vakant is**.**

Bepaling 30.2 Konstituering

30.2.1 ’n Kworum vir ’n ringsvergadering is twee derdes van die aantal afgevaardigdes.

30.2.2 Die voorsitter van die ringskommissie neem die opening van die ringsvergadering waar. Hy/sy konstitueer die vergadering aan die hand van die geloofsbriewe.

30.2.3 Die ring kies by elke gewone vergadering 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba uit sy teenwoordige lede per groslys vir elke pos. Dieselfde persoon word nie vir meer as twee agtereenvolgende gewone vergaderings tot voorsitter en skriba (vgl. Bep. 31.2.1.1.4) van die ring gekies nie.

30.2.4 As daar gedurende die jaar hindernisse ontstaan waardeur die voorsitter en/of skriba van die ringskommissie nie hulle funksies kan vervul nie, sal die ringskommissie reëlings tref vir die voortgang van die werksaamhede.

Bepaling 30.3 Buitengewone ringsvergaderings

30.3.1 'n Buitengewone ringsvergadering word, in die volgende gevalle, saamgeroep deur die ringskommissie met kennisgewing van een week aan al die kerkrade:

30.3.1.1 In spoedeisende gevalle.

30.3.1.2 Op skriftelike versoek van 'n kerkraad met volledige motivering.

30.3.1.3 Op skriftelike versoek van drie afgevaardigdes van die vorige ringsitting met volledige motivering.

30.3.1.4 In opdrag van die sinode of op versoek van die Sinodale Diensraad.

30.3.1.5 Op versoek van 'n aangeklaagde in 'n tugsaak of appellant met waarborg van kostes.

30.3.2 As personeel van 'n buitengewone ring dien die afgevaardigdes van die vorige gewone ringsitting, mits hulle steeds in die kerkraad dien. Dieselfde voorsitter en skriba van die gewone vergadering tree op. Alle nuwe afgevaardigdes moet voorsien wees van geloofsbriewe.

Bepaling 30.4 Pligte van ringskriba

Behalwe die gewone funksie van die skriba soos aangedui in Artikel 25 van die Kerkorde, moet die skriba van die ring die volgende opdragte spesiaal behartig met verslag aan die volgende gewone vergadering van die ring:

30.4.1 Die skriba stuur die beskrywingspunte van die ring deur na die skriba van die sinode.

30.4.2 Die skriba sorg dat binne twee maande na afloop van die vergadering 'n kopie van die handelinge van die ring tesame met alle bylaes wat daarby hoort en al die verslae wat voor die ring

gedien het, aan die Direkteur van Argief-Bestuursinligtingsdienste van die Kerk besorg word.

30.4.3 Die skriba stuur dadelik na afloop van die vergadering alle besonderhede van die ring wat vir die Kerkjaarboek benodig word, aan die hoofkompilator van die Kerkjaarboek. Hierbenewens kontroleer die skriba ook dat elke gemeente betyds hulle gegewens aan die hoofkompilator stuur.

30.4.4 Die skriba gee so spoedig moontlik na die vergadering van die ring aan die kerkrade binne ringsgebied kennis van al die besluite wat op hulle betrekking het.

30.4.5 Die skriba voer uit wat aan hom/haar opgedra word volgens die Reglement vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante (Reglement 13, AS Kerkorde, 2019)

30.4.6 Die skriba hou ’n behoorlike ringsliasseerstelsel in stand.

30.4.7 Die skriba van die ringskommissie gee van elke geval waar 'n beroep na 'n gemeente aanvaar word, kennis aan die Hoofbeampte van die Pensioenfonds. Slegs wanneer skriftelike bevestiging van die Hoofbeampte ontvang is dat alle pensioenreëlings met betrekking tot die beroepene in orde is, gee die skriba namens die kerkverband toestemming tot bevestiging.

Artikel 31

Bepaling 31.1 Werksaamhede van die ring

Die ring besluit na aanleiding van die behoeftes in die ringsgebied oor sy werksaamhede en die struktuur daarvan en wys kommissies/taakgroepe aan, of kan personeel aanstel, ten einde sy werksaamhede uit te voer.

Bepaling 31.2 Kommissies/taakgroepe van die ring

31.2.1 Die Ringskommissie:

31.2.1.1 Voor die einde van die gewone vergadering van die ring word daar 'n ringskommissie gekies. Die ringskommissie kan op een van die volgende maniere saamgestel word:

31.2.1.1.1 Die verkose voorsitter, ondervoorsitter en skriba (plus 2 sekundi) wat uitgebrei kan wordmet die ringsverteenwoordiger(s) op die SDR, indien die ringsverteenwordiger(s) nie deel van die verkose personeel is nie;

31.2.1.1.2 of met 2 ouderlinge/diakens (met sekundi);

31.2.1.1.3 of met een verteenwoordiger per ringsgemeente (met sekundi).

31.2.1.1.4. Lede van die Ringskommissie kan nie vir meer as twee termyne agtereenvolgens verkies word om die vergadering in dieselfde hoedanigheid te dien nie. Die persoon kan daarna wel in een van die ander hoedanighede verkies word.

31.2.1.2 Die ringskommissie

31.2.1.2.1 voer alle opdragte van die ring uit;

31.2.1.2.2 hanteer voorlopig spoedeisende sake totdat die ring dit in behandeling kan neem;

31.2.1.2.3 roep wanneer nodig ’n buitengewone vergadering van die ring saam;

31.2.1.2.4 is verantwoordelik vir die voorbereiding van die agenda vir gewone en buitengewone vergaderings van die ring;

31.2.1.2.5 keur na die vereistes van Bep. 31.4.1 veranderinge aan grense tussen gemeentes goed.

31.2.1.2.6 Die voorsitter van die kerkraad van 'n gemeente, waar 'n leraar emeriteer, stel die Ringskommissie vooraf in kennis van die beoogde emeritaat. Die Ringskommissie kontroleer alle dokumentasie met betrekking tot die emeritaat en of die betrokke kerkraad al sy verpligtinge teenoor die leraar nagekom het.

31.2.1.2.7 Doen verslag van al sy werksaamhede by elke gewone vergadering van die ring.

31.2.2 Ander kommissies van die Ring

31.2.2.1 Die ring behoort jaarliks – of vir 'n termyn waarop die ring besluit – kommissies/taakgroepe te benoem om hom te help in die uitvoering van die ring se werksaamhede. Lede van kommissies/taakgroepe hoef nie noodwendig afgevaardigdes na die ringsvergadering te wees nie. Aandag moet gegee word aan kundigheid, belangstelling en waar moontlik gesonde kontinuïteit.

Bepaling 31.3 Kerkvisitasie

31.3.1 Ten einde die ring in staat te stel om sy opdrag tot kerkvisitasie (Kerkorde artikel 31.1) uit te voer, word daar by elke gewone vergadering van die ring verslag gedoen deur die kommissie vir visitasie oor die algemene geestelike toestand van elke gemeente. Hierdie verslag moet 'n oorsigtelike en evaluerende beeld gee. Fynere besonderhede word nie verwag nie, maar wel duidelike positiewe en/of negatiewe tendense wat die aandag van die gemeente of ring verdien. Waar nodig moet vergelykings met vorige jare getref word. Om hierdie verslag te kan opstel, kan die kommissie skriftelike verslae aanvra van elke kerkraad.

31.3.2 In die verslag van die visitasiekommissie aan die ring behoort, benewens spesifieke sake waaroor die ring telkens besluit, ook onder andere die gemeente se bedieningstrategie, finansiële beplanning, hantering van diensverhoudinge, gemeentebou, erediens, jeug, diens van barmhartigheid en sending/getuienis aandag te kry.

31.3.3 Die kommissie vir visitasie behoort toe te sien dat alle gelegitimeerdes in die verskillende gemeentes pastoraal versorg word.

Bepaling 31.4 Verandering van grense en naam

31.4.1 Wanneer die grense van gemeentes vasgestel is, word wysigings nie sonder gegronde redes aangebring nie. Voorstelle vir verandering van grense moet eers deur die betrokke kerkrade goedgekeur word en dan aan die ringkommissie(s) voorgelê word, wat dit goedkeur en aan die skriba van die sinode berig stuur oor die grensverandering, om deur hom/haar in *Kerkbode* gepubliseer te word.

31.4.2 Naamsverandering van 'n gemeente geskied deur die sinode/Sinodale Diensraad op aanbeveling van die ring.

Bepaling 31.5 Vervreemding van gemeentelike eiendom

31.5.1 Gemeentelike eiendomme, goedere en fondse word volledig deur die kerkraad geadministreer met jaarlikse verslag aan die ring (vgl. Reglement 24, AS Kerkorde, 2019 – Reglement vir Kerklike Goedere).

31.5.2 Gemeentes kan nie sonder gegronde redes van hulle eiendomme en goedere vervreem nie. Indien 'n kerkraad besluit om van sy vaste eiendomme te vervreem, geskied dit na oorleg met die ring/ringskommissie.

Bepaling 31.6 Ander sake wat die ring behandel

Die ring neem verder alle sake in behandeling wat deur kerkrade binne die gebied deur lede van die ring en lidmate van die gemeentes op 'n behoorlike wyse aan die ring voorgelê word.

3.2.3 Die sinode

Artikel 33

Bepaling 33.1 Vergaderings van die sinode

33.1.1 Die sinode, saamgestel volgens Art. 32 van die Kerkorde, uit die afgevaardigde predikante/ouderlinge en diakens, in ooreenstemming met die reg verleen in Art. 33.1.1, vergader op ŉ tyd en plek deur die Sinodale Diensraad vasgestel met inagneming van die voorbehoud in Art. 34 van die Kerkorde.

33.1.2 Elke gemeente is geregtig om sy afvaardiging soos volg saam te stel:

33.1.2.1 Al sy predikante en ŉ gelyke aantal ouderlinge/diakens vir elke afgevaardigde predikant, maar by elke gemeente behoort minstens een predikant en een ouderling/diaken (met sekundus) afgevaardig te word.

33.1.2.2 Indien ŉ gemeente minder as sy volle getal predikante afvaardig, kan 'n medeleraar as sekundus vir 'n ander leraar afgevaardig word.

33.1.2.3 In die geval van ŉ vakante predikantspos, of waar geen predikant afgevaardig word nie, kan ŉ gemeente wel in ooreenstemming met Kerkorde Art 33.1.1 ŉ ouderling/diaken (met sekundus) afvaardig. ‘n Ouderling/diaken kan as sekundus vir die predikant/predikantspos afgevaardig word (vgl. Kerkorde Art 33.3).

33.1.3 Gewone vergaderings van die sinode word ses maande tevore opgeroep deur 'n kennisgewing van die skriba in *Kerkbode***.**

Bepaling 33.2 Konstituering

33.2.1 Die geloofsbriewe van afgevaardigdes, deur die voorsitter en skriba van die kerkraad namens die kerkraad onderteken, moet die skriba van die sinode minstens twee maande voor die bepaalde datum van die sitting bereik.

33.2.2 Die skriba stel die lys van afgevaardigdes uit die geloofsbriewe op en lê dit by die aanvang van die sitting skriftelik ter tafel.

33.2.3 By die konstituering stel die skriba ’n presensielys op.

33.2.4 Die presensielys word deurlopend op datum gehou.

33.2.5 ’n Kworum vir ’n sinodevergadering is twee derdes van die aantal afgevaardigdes.

33.2.6 Persone wie se name nie op die presensielys verskyn nie, mag nie aan die verrigtinge deelneem nie.

33.2.7 Die predikante in sinodale diens en diegene wat in ooreenstemming met art. 33.2 van die Kerkorde die teologiese opleiding verteenwoordig, het sitting met adviserende stem.

33.2.8 Die afgevaardigde predikant met die langste diens, wat die oudste in jare is, neem die leiding by die opening en konstituering van die sinode. Daarna lei die uittredende moderatuur die vergadering aan die hand van die agenda wat deur die uittredende moderatuur opgestel is.

33.2.9 Tydens die sinode word ’n moderatuur saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:

33.2.9.1 Die moderator, assessor en aktuarius.

33.2.9.2 Twee addisionele lede.

33.2.9.3 Die direkteur van die Noordelike Sinode wat ampshalwe as skriba optree.

33.2.9.4 Adviserend: Die saakgelastigde van die sinode.

33.2.10 Nominasies word gedoen op ‘n nominasievorm wat deur die uittredende moderatuur voorberei is en waarop die vereistes vir elke pos uiteengesit is. Voordat die groslys gefinaliseer kan word, moet elke genomineerde met sy/haar handtekening aandui dat hy/sy die nominasie en vereistes aanvaar.

33.2.10.1 Vir die pos van aktuarius kan die uittredende moderatuur minstens drie name van kandidate wat as geskik vir die pos beskou word, voorlê.

33.2.10.2 Geen persoon mag by meer as twee gewone vergaderings van die sinode vir dieselfde pos verkies word nie.

Bepaling 33.3 Buitengewone sinode

33.3.1 In dringende gevalle wat nie voorsien is nie, het die Sinodale Diensraad die reg om die sinode uit te stel, of om 'n buitengewone sinode byeen te roep met skriftelike kennisgewing van drie weke aan al die kerkrade.

33.3.2 'n Buitengewone vergadering van die sinode konstitueer met dieselfde personeel as by verdaging van die vorige gewone sitting, behalwe vir afgevaardigdes wat vir die eerste keer sitting neem, of in gevalle waar ‘n kerkraad sou besluit om 'n ander afgevaardigde te stuur. In laasgenoemde twee gevalle moet nuwe geloofsbriewe ingelewer word.

33.3.3 Die voorsitter van die Sinodale Diensraad lei die vergadering en gaan ook in die opening voor.

Bepaling 33.4 Sake vir behandeling deur sinode

33.4.1 Verslae van diensgroepe en verteenwoordigers.

Minstens drie maande voor die bepaalde datum van die sitting moet daar by die skriba verslae van die kommissies en verteenwoordigers deur die sinode benoem, ingedien word.

33.4.2 Beskrywingspunte en beswaarskrifte.

Beskrywingspunte en beswaarskrifte moet vier maande voor die bepaalde datum van die sitting in die hande van die skriba wees en word deur afgevaardigdes, kerkrade, ringe, ringskommissies en taakspanne van die sinode ingedien. Die moderatuur hanteer die verwysing van die beskrywingspunte en beswaarskrifte na

die onderskeie taakspanne van die sinode, met opdrag dat die taakspanne hierdie beskrywingspunt(e) by hul verslag inwerk of as aanvullende verslag voor die sinode lê. Die spesifieke beskrywingspunt is die voorstel voor die vergadering, met die taakspan se aanbeveling as eerste amendement (indien nodig).

33.4.3 Versoekskrifte van lidmate.

Lidmate van gemeentes binne die gebied mag hulle by wyse van versoekskrif tot die sinode wend. Sodanige versoekskrifte moet ook vier maande voor die bepaalde datum van die sitting in die hande van die skriba wees.

33.4.4 Die agenda.

Die skriba laat al die stukke onder Bep. 33.4.1 – 33.4.3 genoem, en watter ander reëlings daar ook mag wees, druk en versprei die agenda van die sinode betyds (minstens vier weke voor die bepaalde datum van die sitting) onder die afgevaardigdes.

33.4.5 Laatstukke.

Laatstukke word aan die Sinodale Taakspan Regte voorgelê, wat die sinode adviseer oor die ontvanklikheid daarvan en die wyse van hantering. Die sinode besluit op voordrag van die Taakspan Regte of laat ingekome stukke behandel word.

Bepaling 33.5 Godsdienstige handelinge tydens die sinode

33.5.1 Met inagneming van Art. 24 word elke dag se sitting op gepaste wyse begin en geëindig.

33.5.2 Geleentheid vir gebed en sang word deur die moderator na goeddunke deur die loop van die dagprogram geskep.

Artikel 35

Bepaling 35.1 Die Sinodale Diensraad

35.1.1 Tydens die sinode word daar ’n Sinodale Diensraad (SDR) saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:

35.1.1.1 Die moderatuur. (Vgl Bep. 33.2.9)

35.1.1.2 Een predikant en een ouderling/diaken (met sekundi) uit elke ring, aangewys deur die onderskeie ringe.

35.1.1.3 Die direkteur van die sinode wat ampshalwe as skriba optree.

35.1.1.4 Die saakgelastigde van die sinode.

35.1.2 Vakatures.

35.1.2.1 'n Ouderling/diaken op die SDR bly lid van die SDR solank hy/sy as kerkraadslid in die gemeente dien wat hom/haar na die sinode afgevaardig het.

35.1.2.2 ‘n Predikant bly op die SDR solank hy/sy predikant is van die gemeente wat hom/haar na die sinode afgevaardig het.

35.1.2.3 Wanneer 'n vakature ten opsigte van ringsverteenwoordigers ontstaan (primarius- en/of sekunduslede) vul die ringskommissie die vakature aan met verslag aan die skriba van die SDR.

35.1.2.4 Tydens die daaropvolgende SDR-vergadering word die aanwysing van nuwe verteenwoordigers bekragtig.

35.1.3 Die SDR vergader wanneer nodig.

35.1.4 Die Sinodale Diensraad (SDR)

35.1.4.1 keur die beleid en die begroting goed aan die hand van die kernwaardes, kernbesigheid en fokusareas;

35.1.4.2 fasiliteer gesprekke binne die verband oor relevante sake;

35.1.4.3 hanteer toelating tot die bediening, appèlle, herindeling van die ringe en die sinode se betrokkenheid by teologiese opleiding;

35.1.4.4 koördineer en inisieer, in oorleg met die ringe, die werksaamhede binne die fokusareas;

35.1.4.5 kontroleer die realisering van strategie en die bereiking van doelwitte met verslag aan die sinode; en

35.1.4.6 voer alles uit wat deur die sinode aan hom opgedra word om te hanteer tussen sinodes.

Bepaling 35.2 Die Moderatuur

35.2.1 Die moderatuur word tydens die sinode verkies (vgl. Bep. 33.2.9)

35.2.2 Die moderatuur tree op as dagbestuur van die SDR en hanteer

35.2.2.1 sake wat deur die Sinode of Sinodale Diensraad (SDR) aan hom opgedra is;

35.2.2.2 dag-tot-dag bestuursake;

35.2.3.3 die koördinering van die uitvoering van die diensterreine soos bepaal deur die sinode en die aanwysing van taakspanleiers;

35.2.2.4 die benoeming van afgevaardigdes om by bepaalde geleenthede die groete / gelukwensing / meegevoel van die sinode oor te dra; en

35.2.2.6 die opstel van ‘n skema van werksaamhede vir die volgende sinode.

35.3 Verteenwoordigers

Persone wat die sinode in die volgende instansies verteenwoordig word soos volg aangewys:

35.3.1 Deur die sinode op aanbeveling van die Moderatuur:

35.3.1.1 Kuratorium Teologiese Fakulteit Pretoria: 4 lede met sekundi.

35.3.1.2 Kuratorium, Kieskollege en Proponentseksamen-kommissie Stellenbosch: 1 lid met sekundus.

35.3.1.3 Kuratorium, Kieskollege en Proponentseksa-menkommissie Bloemfontein: 1 lid met sekundus.

35.3.2 Deur die SDR op aanbeveling van die Moderatuur:

35.3.2.1 Die Gesamentlike Kommissie vir die Vier Transvaalse Sinodes (GSK) (vgl. GSK-reglement).

35.3.2.2 Bybelgenootskap van Suid-Afrika;

35.3.2.3. Gesamentlike Sending Mosambiek;

35.3.2.4 TOIBO; en

35.3.2.5 SKDB Maatskappy.

35.3.3 Vakatures word deur die SDR aangevul op aanbeveling van die Moderatuur.

Bepaling 35.4 Afvaardiging na Algemene Sinode

Die afvaardiging na die Algemene Sinode word soos volg saamgestel:

35.4.1 Die SDR finaliseer die afvaardiging na die Algemene Sinode aan die hand van die proporsionele formule van die Algemene Sinode eerstens uit lede van die vorige sinode.

Bepaling 35.5 Aktuarius

35.5.1 Die aktuarius is voorsitter van die Sinodale Taakspan Regte wat deur die sinode aangewys word.

35.5.2 Die aktuarius:

35.5.2.1 verstrek op aanvraag advies oor die aard en uitleg van die Kerkorde en bepalings;

35.5.2.2 sien toe dat alle besluite van die sinode en Algemene Sinode wat wysigings aan die bepalings meebring op die juiste

plekke in die Kerkorde ingevoeg en so gou moontlik gepubliseer word;

35.5.2.3 bring kerkregtelike ongerymdhede waarvan kennis geneem word, onder die aandag van die betrokke vergadering met 'n aanduiding van die moontlike weg tot herstel; en

35.5.2.4 word bygestaan deur, en doen verslag van werksaamhede aan, die Sinodale Taakspan Regte.

Bepaling 35.6 Skriba

35.6.1 Die skriba sorg vir die volgende sake:

35.6.1.1 Die behartiging van alles wat tot die normale taak van 'n skriba behoort (vgl. Art. 25 van die Kerkorde).

35.6.1.2 Die publisering van die handelinge van die sinode.

35.6.1.3 Die indiening van die oorspronklike handelinge van die sinode by die kerkargief, tesame met al die bylaes wat daarby hoort.

35.6.1.4 Die deursending aan kerkrade en ringe van al die besluite wat op hulle betrekking het.

35.6.1.5 Die uitvoering van alles wat aan hom/haar opgedra word in besluite en bepalings van die sinode.

HOOFSTUK 4
DIE ARBEID VAN DIE KERK

4.1 Die openbare erediens

4.2 Die sakramente

Artikel 49

Bepaling 49.1 Die doop

49.1.1 Die heilige doop word bedien aan die kinders van belydende lidmate van die gemeente. Indien ouers verlang om hulle kinders te laat doop in 'n ander gemeente as waarvan hulle lidmate is, moet hulle skriftelike toestemming verkry van die kerkraad. Die plaaslike leraar het die reg om sodanige toestemming namens en met rapport aan die kerkraad te gee.

49.1. 2 Die doop van kinders van lidmate uit ander kerke geskied volgens die riglyne van die Algemene Sinode waardeur die verhouding tot ander christelike kerke en groepe bepaal is. (vgl. die Reglement vir die Verhouding tot Ander Kerke en Groepe, Reglement 26, AS Kerkorde, 2019)

49.1. 3 Vir die doop van kinders in pleegsorg (vgl. Funksionele Besluit 17.2) word die volgende riglyne neergelê:

49.1.3.1 Die finale besluite berus by die betrokke kerkraad wat in alle gevalle moet waak teen die misbruik van die sakramente.

49.1.3.2 Waar die doop van 'n kindjie gewoonlik die resultaat is van die besluite van 'n ouer(s) en 'n kerkraad, kom in die geval van 'n pleegkind ook ander instansies wat die pleegplasing bestuur, ter sprake. Daar kan eers tot die doop oorgegaan word nadat die kerkraad deur samesprekinge met pleegouers en die pleegsorginstansie, homself daarvan vergewis het dat die betrokke pleegplasing na alle waarskynlikheid van 'n langtermyn aard is.

Bepaling 49.2 Aanmelding vir doop en dooponderhoud

49.2.1 Ouers wat die doop vir hulle kinders verlang, moet hulle vroegtydig by hulle leraar aanmeld vir 'n doopgesprek.

49.2.2 Ongesensureerde lidmate het die reg om hulle kinders te laat doop in die gemeente waarvan hulle ingeskrewe, belydende lidmate is. Indien daar 'n wettige beswaar bestaan teen die bediening van die doop, moet dit met pastorale bewoënheid

hanteer word, sodat die eer van God en die heil van die kerk nie in gedrang kom nie. Met instemming van die ouers kan die doop dan uitgestel word om hulle te begelei, en nie as 'n tugmaatreël nie.

49.2.3 In gevalle waar doop met toestemming van 'n ander gemeente bedien word, is dit die verantwoordelikheid van die leraar wat die toestemming verleen het om 'n dooponderhoud met die betrokke ouers te voer.

Bepaling 49.3 Die nagmaal buite die erediens

49.3.1 Die nagmaal word, behalwe by hoë uitsondering, in die erediens bedien.

49.3.2 Die kerkraad besluit oor die bediening van die nagmaal in sulke uitsonderlike gevalle. Die volgende algemene riglyne word deur die kerkraad gehandhaaf in die bediening van die nagmaal buite die erediens:

49.3.2.1 Die kerkraad evalueer die meriete van elke aansoek.

49.3.2.2 Die Woord moet bedien word.

49.3.2.3 Die ware betekenis van die nagmaal word verduidelik deur die formulier of andersins.

49.3.2.4 Minstens een ampsdraer, verkieslik die wyksouderling, woon die nagmaalsbediening by. Waar moontlik word gereël dat ander medegelowiges dit ook bywoon sodat die gemeenskapskarakter van die nagmaal bewaar kan bly.

4.10 Rentmeesterskap

Artikel 57

Let wel: Bepalings 57.1 – 57.3 moet saam met die Reglement vir Kerklike Goedere *(Reglement 24, AS Kerkorde, 2019) gelees word.*

Bepaling 57.1 Gemeentelike eiendomme, goedere en fondse

57.1.1 Die kerkraad is verplig om sy verantwoordelikhede in verband met rings- en sinodale werksaamhede na te kom.

57.1.2 Die kerkraad mag geen fondse van watter aard ook al anders hanteer as deur die kerkraad se boekhoustelsel wat opgestel en bedryf word volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels nie.

57.1.3 Die kerkraad moet jaarliks aan die einde van die finansiële boekjaar, wat strek van 1 Maart tot 28 Februarie, 'n oorsig oor die gemeentelike finansies en die begroting vir die volgende boekjaar op die voorgeskrewe vorm vir voorlegging aan die ring gereed maak. Hierdie state moet deur die voorsitter en skriba van die kerkraad onderteken word en moet daarbenewens gesertifiseer word deur 'n ouditeur (CA) of kommersiële en finansiële rekenmeester (CSA, CFA of CMA) wat kragtens artikel 60(2) van die Wet op Beslote Korporasies van 1984 (Wet nr. 69 van 1984) geregistreer is.

Bepaling 57.2 Ringseiendomme, goedere en fondse

57.2.1 Die ring administreer ‘n ringsadministrasiefonds waartoe al die gemeentes op ‘n eweredige basis bydra.

57.2.2 Alle fondse onder beheer van die ring word jaarliks deur ‘n bevoegde persoon, deur die ring aangewys, nagesien met verslag aan die ring. Hierdie verslag word as deel van die Ringsfinansiële Kommissie se verslag aan die ring voorgelê.

57.2.3 Waar twee of meer gemeentes saam ‘n bepaalde werksaamheid onderneem, administreer die betrokke kommissie wat belas is met die beheer oor die werk, die fondse wat daarvoor nodig is, en doen daarvan sorgvuldig verslag.

Vaste eiendomme word geregistreer op die naam van een van die kerkrade wat dit in trust hou.

Bepaling 57.3 Sinodale fondse

57.3.1 Daar is sinodale fondse wat deur die Sinodale Kerkkantoor geadministreer word om te voorsien in die uitgawes van die sinode, administratiewe koste verbonde aan die sinodale vergaderings, die instandhouding van die kerkkantoor, die salarisse van amptenare en personeel, reiskoste van afgevaardigdes na die Sinode en van lede van kommissies deur die sinode benoem.

57.3.2 Daar word 'n fonds in die lewe geroep en onderhou vir die pensioene van predikante en sinodale amptenare, wat gevind en beheer word in ooreenstemming met die reglement wat daarvoor opgestel en deur die sinode goedgekeur is.

57.3.3 Daar is sinodale studiefondse wat beheer word in ooreenstemming met die reglemente wat daarvoor opgestel en deur die sinode goedgekeur is.

Ter inligting

PERMITTE VIR VERBOUINGS AAN STRUKTURE OUER AS 60 JAAR

Die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede vereis dat toestemming van die betrokke provinsiale owerhede verkry moet word voordat herstelwerk of aanbouings aan ‘n huis of ander gebou ouer as 60 jaar gedoen word. "Verandering" sluit selfs blote pleisterwerk of die aanbring van versierings in.

Verdere inligting is by die Saakgelastigde van die sinode beskikbaar.

HOOFSTUK 5
KERKLIKE OPSIG, TUG EN DISSIPLINE

Artikel 62

GEVOLMAGTIGDE TUGLIGGAAM

Indien ‘n ring van ‘n gevolmagtigde tugliggaam gebruik maak vir ‘n tug- of dissiplinêre ondersoek, moet die ring twee kundige lidmate op aanbeveling van die Sinodale Taakspan Regte as lede van die tugliggaam benoem (vgl. Reglement vir tug en vermaning, Reglement 22, AS Kerkorde, 2019, par. 2.3).